

Omgeepapier 22-27 Januarie 2024

Week van Gebed in die begin van 2024, volgens Habakuk se Boek

- 1. (Hersien Luk 5:16 - Gebruik jy nog jou afgeleë, stil plekkie waar jy gereeld na die Here se stem kan luister??)**
- 2. Lees Habakuk 1:2-4; 1:12-13 - Vraag: Is daar ook soos vir Habakuk, sake waarvoor jy al moedeloos geword het, wat jy wonder of die Here óóit jou gebede hoor?!**
- 3. Werk aan jou gesindheid teenoor die Here: Besef Hy is EWIG en ALOMTEENWOORDIG (Hab 1:12a); Besef Hy is Die GENADIGE God (Hab 1:12b); Besef Hy is HEILIG (Hab 1:13a); Besef jy verstaan nie altyd SY WIL of HOEKOM Hy dinge toelaat nie (Hab 1:13b); Maak jouself dan NEDERIG in die Here se teenwoordigheid! Leer wat dit beteken om te WAG op die Here!**
- 4. Vraag: Is daar beloftes van die Here wat vir jou lyk of die Here daarvan vergeet het? Lees Hab 2:3 - Wat sê die Here vir jou oor sulke beloftes van Hom?**
- 5. Is daar euwels in ons land soos drankmisbruik, magsmisbruik, korrupsie, bloedvergieting, uitbuiting, of oneerbiedigheid teenoor die Here waarvoor jy dalk al lank bid? Lees Hab 2:2 en 2:20. Lees dan Hab 2:4 - 19. Vraag: Wat sê die Here deur Habakuk vir jou?**
- 6. Volg Habakuk se voorbeeld - Lees Hab 3:1-16. Vraag: As jy terugdink oor ons land se geskiedenis, kan jy die Here se Grootheid en Voorsienigheid raaksien / herken, en hoe die Here jóú beskerm en versorg het?**
- 7. Lees Hab 3:17-19. Vraag: Kan jy ook soos Habakuk weer jou vertrou in die Here verwoord in 'n Vernuwingsgebed?**